# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (1/13)

Justin Chadwick (4 Januarie 2013)

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Try not to become a man of success but a man of value" Albert Einstein***


## HERINNERING AAN DATUMS VROEG IN DIE NUWE JAAR

**CGA ROADSHOWS:** 18 Februarie **Zimbabwe en Nkwalini**; 19 Februarie **Pongola, Swaziland en Limpoporivier**; 20 Februarie **Letsitele, Hoedspruit en Nelspruit**; 21 Februarie **Senwes en Onderberg**; 26 Februarie **Boland, Wes-Kaap en Patensie**; 27 Februarie **Oranjerivier en Sondagsrivier**; 28 Februarie **Vaalharts en Oos-Kaap Midlands**; 5 Maart **Suid-KZN. Plekke en tye sal volg.**

**CRI PAKHUIS WERKSWINKELS:** 29-30 Januarie **Limpopo – The Ranch, Polokwane**; 31 Januarie – 1 Februarie **Mpumalanga, Loskopdam Resort**; 12-13 Februarie **KZN & Swaziland, Blue Waters Hotel, Durban**; 14-15 Februarie **Oos-Kaap, Summerstrand Hotel, Port Elizabeth**; 19-20 Februarie **Wes-Kaap, Protea Hotel, Stellenbosch. Registrasie begin om 12:00 op die eerste dag en werkswinkels eindig om 13:00 op die tweede dag.**


## 2012 SEISOEN OORSIG – SUURLEMOENE


**Die Oes:** Alhoewel 'n laat aanvraag na suurlemoene beteken het dat die werklike volumes (10 504 733 (15Kg) kartonne) toegeneem het, was dit 6% minder as die aanvanklike skatting (11 099 530 kartonne). Dit was slegs 2.6% minder as die 2011 uitvoervolume van 10 784 608 (15Kg) kartonne wat gepak en vir uitvoer goedgekeur is.




**Die Markte:** Soos is meeste jare is die grootste gedeelte van Suider-Afrika se suurlemoene na die Midde-Ooste verskeep (2012 41%; 2011 36%). Tweede grootste was Noord-Europa (15%),gevolg deur Rusland (11%), Verre-Ooste (11%), VK (10%) en Suid-Europa (5%).
Weereens is suurlemoen-markte gekenmerk deur goeie aanvraag en redelik tot goeie verdienstes.

**Suidelike Halfrond:** Argentinië is die grootste produsent van suurlemoene in die wêreld (1 756 000 ton). Oor die afgelope paar jare het klimaatstoestande en goeie pryse vir prosessering beteken dat minder vars suurlemoene van Argentinië uitgevoer is . Dit het gelei tot periodes van ondervoorsiening en goeie marktoestande, veral vir Suid-Afrika wat 'n toename in suurlemoenuitvoere gehad het. Daar is 'n merkbare afname in suurlemoenuitvoere vanaf die suidelike halfrond sedert 2008.




**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**